

Hoofstuk van die dag: Markus 13

> *En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Bly waaksaam!” (vers 37)*

Ons het nie meer so ’n lewendige wederkomsverwagting soos wat die eerste Christene gehad het nie. Toegegee, daar het al baie

water in die see geloop sedert Jesus hierdie vermaning gegee het. Daarom dink mense dit sal seker nie in ons leeftyd gebeur nie.
Tog sê Jesus sy terugkeer is op hande, en ons moet só leef dat ons gereed is wanneer Hy kom. Hy gee nie ’n almanak en ’n datum nie. Trouens, Hy weet self nie wat die datum is nie (vers 32). Maar Hy gee tekens wat ons herinner dat Hy aan die kom is, baie soos voetstappe wat opklink as iemand nader kom. Dié tekens is oral om ons te bespeur: oorloë (vers 7), aardbewings en hongersnood (vers 8), vervolgings (vers 9), konflik oor geloofskwessies in die huis (vers 12), godsdienstige verval (vers 14) en misleiding (vers 22), ontwrigting van die natuur (vers24-25).
Jesus belowe nie ’n wagtyd sonder probleme nie. Ons moet immers ons kruis opneem en Hom volg (Mark 8:34). Dís hoe ons waaksaam bly.
Kyk om jou en luister na die nuus. Hoor jy ook ons Here se voetstappe? Maak dit jou opgewonde? Hy kom beslis!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026